**Leopold Scholtz**
Onafhanklike
Politieke Ontleder en
Navorsingsgenoot,
Navorsingsfokusgebied
Sosiale Transformasie
(Potchefstroomse
kampus), Noordwes-
Universiteit.
leoscholtz@yahoo.com

DOI: https://dx.doi.org/
10.18820/24150509/
JCH41.v2.2

ISSN 0258-2422 (Print)
ISSN 2415-0509 (Online)

Journal for
Contemporary History
2016 41(2):20-39
© UV/UFS

# EIETYDSE GESKIEDENIS: ’N INTERDISSIPLINÊRE BENADERING[1]

***Abstract***

*Contemporary history is essentially a multidisciplinary approach to explain the present or recent world. The historian, with utilisation of the time dimension and his capacity to see the dynamics of change through time (instead of having a static approach), has a unique contribution to make. But the political scientist, the geographer, the economist, the journalist and the military expert are all able to contribute to the mosaic of understanding the present world as well. In this article, all six these disciplines' contributions are discussed. They are then tied together in a case study, namely the influence of the end of the Cold War on Africa. It is shown that Africa used to be a continent with which things happened, instead of being able to make things happen. However, the competition between the Communist Bloc and the West placed Africa in an artificial position of influence by being able to play the two sides out against each other. The end of the Cold War reduced Africa once more to the powerless position it had before.*

**Keywords:** Contemporary history; interdisciplinary; political science; geography; economy; journalism; military studies; Cold War; Africa.

**Sleutelwoorde**: Eietydse geskiedenis; interdissiplinêr; politieke wetenskap; geografie; ekonomie; joernalistiek; krygswetenskap; Koue Oorlog; Afrika.

## 1. INLEIDING

Toe die skrywer van hierdie artikel dekades gelede ’n student in die geskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch was, was die begrip eietydse geskiedenis baie omstrede. Daar was hoofsaaklik twee besware teen die beoefening daarvan: Ten eerste, dat die amptelike argiefdokumente waarop die meeste historiese studies berus nog agter slot en grendel is, en in die tweede plek, dat die tydsafstand wat nodig is om historiese gebeure behoorlik te ontleed, ontbreek. In soverre eietydse geskiedskrywing beoefen kan word, is gesê, kan dit liewer deur joernaliste of politieke wetenskaplikes gedoen word.

1 Dié artikel is ’n verwerkte weergawe van die eerste openbare lesing wat die outeur as buitengewone professor in geskiedenis in 1997 op Stellenbosch gelewer het.

Die besware was nie heeltemal ongegrond nie. Die beoefening van eietydse geskiedskrywing bring inderdaad uit akademiese oogpunt sekere strukturele probleme mee. Dit beteken egter nie dat dit heeltemal laat vaar moet word nie. Die historikus het naamlik ’n belangrike dimensie in sy akademiese instrumentarium wat ander dissiplines glad nie, of slegs gebrekkig het, naamlik die tydsdimensie.

Die historikus is uitnemend geskik om *die dinamiek van prosesse* raak te sien en hom nie blind te staar teen ’n statiese snit in die tyd nie. As ’n eietydse gebeurtenis se historiese konteks behoorlik uitgelig kan word, skep dit ’n perspektief wat ’n unieke lig op die totstandkoming van ’n probleem, of die voorkoms van ’n gebeurtenis, kan werp. Dit gaan dus om die unieke bydrae wat die tydsdimensie aan die verstaan van gebeurtenisse, of van prosesse, kan lewer.

Niemand kan byvoorbeeld die val van die Berlynse Muur in 1989 verklaar sonder insig in die verloop van die Koue Oorlog of die langsame agteruitgang van die Sowjetunie se politieke, ekonomiese en militêre oorheersing van Sentraal- en Oos-Europa nie. Dis ’n perspektief wat nie méér geldig is as dié van die joernalis of politieke wetenskaplike nie, maar dit lewer wel ’n onontbeerlike bydrae tot die mosaïek van dissiplines waarsonder die werklikheid nie in sy volle omvang begryp kan word nie. Trouens, die beoefening van eietydse geskiedenis is by uitnemendheid ’n saak waar verskillende perspektiewe nodig is, juis om die geldige besware van dekades gelede te oorkom.

Bowendien is die beswaar oor ’n gebrek aan argivale bronne deesdae minder geldig as destyds. Veral in Europa is enorme hoeveelhede primêre bronne in die gewese Oosblokstate vir navorsers geopen (vgl. byvoorbeeld die biografieë van Edvard Radzinski en Dimitri Wolkogonof oor Josef Stalin wat op dié argiewe gebaseer is[2]). Steeds meer bronne word op die internet gepubliseer.[3] In Suid-Afrika is die tydperk waarin bronne gesluit moet bly, van 50 tot 20 jaar verkort, iets wat elke historikus buitengewoon gelukkig moet maak.

Ook het die eietydse historikus toegang tot sekere bronne wat ander historici nie het nie. Hy kan byvoorbeeld onderhoude voer met mense wat historiese gebeure meegemaak of help rig het. En, soos Roger Morgan dit stel: “All the research now done by public opinion polls on people’s voting behaviour, for instance, on political attitudes, on the reasons why elections go the way they do, are available, as the result of historical research which are not available to the historian trying to interpret the elections of the eighteenth century.”[4]

2 Edvard Radzinski, *Stalin* (New York: First Anchor, 1997); Dimitri Volkogonov, *Stalin. Triumph and tragedy* (Londen: Phoenix, 2000).

3 Voorbeelde is te vinde by die Wilson Center Digital Archive, <http://digitalarchive.wilsoncenter.org/>.

4 Roger Morgan, “The writing and teaching of contemporary history”. In: James L Henderson (red.), *Since 1945. Aspects of contemporary world history* (Londen: Methuen, 1966), p. 15.

Die eietydse historikus maak hoofsaaklik van ses dissiplines gebruik, vier akademies en twee nie-akademies van aard (dit sal later blyk waarom hulle só tipeer word). Eersgenoemde vier is uiteraard die geskiedwetenskap self, die politieke wetenskap, die geografie en die ekonomie. Die twee nie-akademiese dissiplines is die krygswetenskap en die joernalistiek.

Die doel van dié beskouing is dus om al ses dissiplines kortliks te bespreek en aan te dui in welke opsigte hulle vir die beoefening van die eietydse geskiedenis noodsaaklik is. In die tweede deel van die artikel sal dié teoretiese benadering prakties geïllustreer word deur ’n bespreking van die uitwerking wat die einde van die Koue Oorlog op Afrika gehad het.

## 2. DIE HISTORIESE WETENSKAP

“History is bunk!”, was die woorde waarmee Henry Ford geskiedenis minagtend afgemaak het – ’n benadering wat ’n mens soms instinktief onder nie-historiese wetenskaplikes aantref. Dis uiteraard verkeerd. Tyd vorm ’n eenheid: Die verlede is niks anders nie as ’n aaneenskakeling van ’n ontelbare hoeveelheid oomblikke wat eens as die hede gekwalifiseer het. Die hede is die hede slegs vir ’n millisekonde; dan word dit die verlede. Om die huidige hede te verstaan is kennis van die verbye hede dus onontbeerlik.

Diegene wat die verlede ignoreer, volgens Claude Levi-Strauss, verdoem hulself tot onwetendheid oor die hede, want slegs historiese ontwikkeling laat ’n mens toe om die elemente van die hede volledig te weeg en te evalueer. Die Romeinse denker, Cicero, het dit nog duideliker gestel: “Om nie te weet wat voor jou geboorte gebeur het nie, is om vir ewig ’n kind te bly.”[5]

Die geskiedenis, het Geoffrey Barraclough geskryf, is “the attempt to discover on the basis of fragmentary evidence the significant things about the past […]”[6] Dit hang met ander woorde saam met *bronne*, wat dikwels onvolledig is en baie keer die gebeurtenisse van die verlede deur die subjektiewe oë van feilbare mense beskryf.

Twee teroretiese benaderings van die begrip “geskiedenis” is moontlik. Die Germaanse etimologie van die woord self hang saam met die woord “geskied”, wat dus op die gebeurtenisse self dui. Die Engelse *history* is afgelei van die Griekse *historia* wat “ondersoek” beteken, en wat dus op die navorsing en boekstawing van die verlede dui – met ander woorde, geskiedskrywing.

Die twee kan nie van mekaar geskei word nie. Die gebeurtenisse van die verlede self is vir ewig verby en kan nooit wéér plaasvind nie, maar dit leef wel op ’n manier voort deur die geskiedskrywing. Die historikus, met al sy vooroordele, individuele belangstelling, talente en akademiese opleiding – kortom, ’n

5 Aangehaal in Arthur Marwick, *The nature of history* (2de uitgawe, Londen: Macmillan, 1981), p. 15.

6 Geoffrey Barraclough, *History in a changing world* (Oxford: Blackwell, 1955), pp. 29-30.

feilbare mens wat die produk van sy tyd en omgewing is – tree dus as't ware op as tussenganger tussen die verlede en die leser of gemeenskap tot wie die geskiedskrywing gerig is.

Dis belangrik om die historikus se taak noukeurig te verklaar. Die wetenskaplike historikus *beskryf*, *ontleed* en *verklaar* – en vir sover dit menslik moontlik is, probeer hy dit objektief doen deur as 't ware in die huid van die persone of samelewings wat hy behandel te kruip sodat hy hulle van binne-uit kan verklaar. Wat hy nié mag doen nie, is om toe te laat dat hedendaagse politieke kwessies, of sy eie ideologiese oortuigings, die beginpunt vir sy vertolking van die verlede word. Die spesifieke aard van die hede kan wel meebring dat die historikus bepaalde vrae aan die bronne stel wat historici in ander tye nie sou stel nie, maar daarby moet dit bly.

Daar is twee maniere om objektief te wees, het die Franse historikus Marc Bloch opgemerk, dié van die geleerde en dié van die regter. Albei soek na die waarheid. Luidens die Engelse vertaling van sy boek oor die werk van die historikus het hy geskryf: "However, there comes a time when their paths divide. When the scholar has observed and explained, his task is finished. It yet remains for the judge to pass sentence." Verder gaan hy voort: "If the judgement only followed the explanation, the reader could simply skip it. Unfortunately the habit of passing judgements leads to a loss of taste for explanations. When the passions of the past blend with the prejudices of the present, human reality is reduced to a picture in black and white."[7]

Ook Johan Huizinga waarsku dat die historikus hom nie van 'n taal moet bedien waardeur "de nauwelijks menschvormig gedachte figuur onwillekeurig een phantasma wordt, waarmee in de plaats van een wetenschappelijke voorstelling een mythologische sluipt. Dit gebeurt voortdurend daar, waar de historische voorstelling met hartstocht geladen is, het zij politieke, sociale, religieuze hartstocht of van welken anderen aard dan ook."[8]

En GD Scholtz stel die vraag of die liefde of haat wat die historikus vir 'n bepaalde saak koester sy werk moet bepaal. Sy antwoord daarop is 'n "volmondige nee". Meer nog: "'n Historikus wat die prooi van sy eie subjektiewe gevoelens is wanneer hy die pen opneem, is geen ware historikus in die ware sin van die woord nie. Hy is dit nie, omdat dit vir hom totaal onmoontlik is om hom selfs vir 'n oomblik van sy onderwerp te distansieer en na die waarheid te soek."[9]

Bowenal moet begryp word dat die geskiedenis, in die woorde van Pieter Geyl, "'n ewigdurende diskussie" is en dat geen enkele historiese paradigma die

---

7 Marc Bloch, *The historian's craft* (New York: Alfred A. Knopf, 1953), pp. 138-153.

8 Johan Huizinga, *De wetenschap der geschiedenis* (Haarlem: H.D. Tjeenk Willink & Zoon, 1937), p. 68.

9 GD Scholtz, *Die taak van die historikus* (Johannesburg: RAU A27, 1970), pp. 15-16.

"regte" een is met die uitsluiting van alle ander nie, en dat daar baie paaie na die waarheid is.[10]

## 3. DIE JOERNALISTIEK

Ofskoon die joernalistiek – anders as die geskiedenis – geen akademiese dissipline is nie, en dit dus eintlik saam met die krygswetenskap gegroepeer moet word, vertoon dit tog soveel ooreenkomste met die *historia* dat dit logies is om dit nou te behandel. Tussen die *historia* en die joernalistiek is daar talle ooreenkomste, maar ook heelparty verskille.

Sowel die historikus as die verslaggewer soek na die waarheid. Albei baseer hul werk op kritiese navorsing en probeer die resultate in 'n verteerbare vorm weergee. Beide weeg verskillende weergawes teen mekaar op. Albei beskryf, ontleed en verklaar, en laat morele oordele aan ander oor en beide is bewus van hul eie vooroordele en probeer dit doelbewus oorkom. Let wel, hier word van die *verslaggewer* gepraat, nie van die *hoofartikel*- of *politieke rubriekskrywer* nie. Laasgenoemde kom straks aan die orde.

Ook word hier gepraat van *goeie* historici en verslaggewers. Albei beroepe het genoeg minder geslaagde volgelinge. Daar is helaas genoeg verslaggewers wat hul nuusberigte – téén die voorskrifte van die beroep – só inklee dat dit nie die waarheid dien nie, maar 'n politieke of ideologiese vooroordeel. Ook winsbejag en sensasie kan 'n negatiewe rol speel, iets wat helaas toenemend voorkom. Die rol wat sogenaamde poniekoerante in Brittanje en Suid-Afrika speel, bied talle skandelike voorbeelde (Lizette Rabe, hoogleraar in die joernalistiek op Stellenbosch, het byvoorbeeld in 'n stadium gesê dit lyk of Suid-Afrikaanse poniekoerante: "'n lisensie het om dood te maak"[11]). Maar net so is die galery historici vol voorbeelde daarvan, soos etlike geslagte Sowjet-historici wie se werk deur die Russiese dissident-historikus Roy Medwedef beskryf is as "skaamtelose en kru vervalsings van die geskiedenis en die verswyging van baie uiters belangrike historiese feite".[12]

Dit neem natuurlik nie die feit weg dat daar ook belangrike verskille tussen die historikus en die verslaggewer is nie. Eersgenoemde het meestal onbeperkte tyd tot sy beskikking om navorsing te doen en die akkuraatheid van sy feite oor en oor na te gaan. Die verslaggewer werk meestal vir die volgende dag se koerant – of deesdae vir dieselfde dag se webblad – en het nie dié luukse nie. Die historikus kan baie uitvoeriger skryf; die verslaggewer se berig moet meestal in 'n gat van nie meer nie as 25-30 cm inpas – en dan word dit ook nog dikwels in die nagkantoor deur 'n subredakteur verder gesny, en dit nie altyd ewe

10 Pieter Geyl, *Gebruik en misbruik der geschiedenis* (Groningen: J.B. Wolters, 1956) pp. 59-60.
11 "Ponies sonder perke", *Beeld*, 15 April 2005.
12 Aangehaal in Ronald W Clark, *Lenin – The man behind the mask* (Londen: Faber & Faber, 1989), p. 533.

oordeelkundig nie. Selfs op die internet moet stukke kórt wees, anders word dit nie gelees nie.

Neem nou in ag dat die meeste verslaggewers aan drie, vier, soms vyf of selfs meer berigte per dag werk, en dit word duidelik dat die verslaggewer se taak in sommige opsigte oneindig moeiliker is as dié van die historikus. Die dissipline wat die verslaggewer met woorde aan die dag moet lê, is ongelooflik.

Bowendien maak daagliks verder ontwikkelende nuusgebeure dit feitlik onmoontlik dat die joernalistiek ’n ewe deeglike perspektief as die historikus kan gee. Die joernalistiek is immers slegs “the first draft of history” – ’n uitspraak wat waarskynlik afkomstig is van die Amerikaanse joernalis Alan Barth.[13]

In teenstelling met die verslaggewer, wat so onbetrokke en objektief moontlik moet wees (en dus streng búíte die nuusgebeure moet staan), kan die politieke kommentator hom meer vryheid veroorloof. Elke koerant dra bepaalde waardes en politieke beginsels uit, wat hy dan in hoofartikels of in politieke rubrieke soos *Dawie* of *Vryburger* verkondig. Teen dié agtergrond is enige koerant polemies en nie wetenskaplik objektief nie. Tog is daar ’n moeilik bepaalbare grens wat die goeie politieke kommentator (ook terwille van sy eie geloofwaardigheid) nie moet oorskry nie. Nietemin, soos Willem Wepener, in lewe redakteur van *Beeld* en *Rapport*, dit gestel het, die koerant – en deesdae ook digitale media – is die nasie se “brandsiek-inspekteur”[14] wat ’n onontbeerlike rol in enige demokrasie speel.

In dié proses sal die goeie politieke kommentator dan ook ruimskoots gebruik maak van al die dissiplines wat in dié artikel bespreek word.

## 4. DIE POLITIEKE WETENSKAP

Omdat die mens hom in kollektiewe verband nou eenmaal organiseer en dus ’n politieke dier is, is die vorm en inhoud van die staat van groot belang vir die mensdom en dus ook vir die studie van die mens se verlede. Die politieke wetenskap – of staatsleer, soos dit vroeër geheet het – bestudeer veral, in FA van Jaarsveld se woorde: “alles wat verband hou met die mens se verhouding tot die staat en die verhouding van state onderling”.

Hy gaan voort: “Staatsleer toon ’n ooreenkoms met die ‘eietydse geskiedenis’. Staatsleer leun trouens sterk op die feite van die geskiedenis. Omgekeerd kan die geskiedenis wat hom óók op die staat, die politiek en internasionale verhoudinge rig, sy eie inhoud verryk deur kennis te neem van die feite wat deur die staatsleer beskikbaar gestel word.”[15]

13 Vergelyk Jack Shafer, “Who said it first? Journalism is ‘the first draft of history’”, <http://www.slate.com/articles/news_and_politics/press_box/2010/08/who_said_it_first.html>, leesdatum 1 April 2016.

14 Lizette Rabe, “Help samelewing om die media te kry wat hy verdien”, *Beeld*, 8 Maart 2007.

15 FA van Jaarsveld, *’n Inleiding tot die studie van geskiedenis* (Kaapstad: Nasou, 1974), p. 43.

Andrew Haywood stel dit só: “Politics in its broadest sense, is the activity through which people make, preserve and amend the general rules under which they live. Although politics is also an academic subject (sometimes indicated by the use of ‘Politics’ with a capital P), it is then clearly the study of this activity. Politics is thus inextricably linked to the phenomena of conflict and co-operation. On the one hand, the existence of rival opinions, different wants, competing needs and opposing interests guarantees disagreement about the rules under which people live. On the other hand, people recognise that, in order to influence these rules or ensure that they are upheld, they must work with others.”[16]

Uit die aard van die saak konsentreer die politieke wetenskaplike taamlik sterk op die teenswoordige wêreld, wat die waarde van dié vakrigting vir die eietydse histsorikus des te groter maak. Om maar ’n voorbeeld te noem: Verskeie politieke wetenskaplikes lê hulle toe op die vraag waarom en in welke omstandighede diktature en demokrasieë tot stand kom of in stand gehou word. Hulle bestudeer die gedrag van demokratiese en diktatoriale regerings.[17]

Terselfdertyd is die wyse waarop state in internasionale verband met mekaar omgaan ’n belangrike onderdeel. Die invloedryke Amerikaanse politikoloog, Hans J Morgenthau, het die benadering van sy standaard-boek oor die studie van die internasionale politiek beskryf as ’n poging “to detect and understand the forces that determine political relations among nations, and to comprehend the ways in which those forces act upon one another and upon international political relations and institutions”.[18]

Die resultate van dit alles kan deur geen eietydse historikus geïgnoreer word nie. Die politieke wetenskap en die geskiedenis is aparte dissiplines wat elk sy eie instrumentarium het. Die politieke wetenskap kan egter met groot vrug gebruik maak van die resultate van historiese navorsing, en die goeie historikus sal wel deeglik kennis neem van die resultate van politieke wetenskaplike navorsing.

## 5. DIE GEOGRAFIE

Die geografie bestaan in der waarheid uit ’n wye reeks subdissiplines, soos die politieke geografie, die ekonomiese geografie, die geomorfologie, die klimatologie, ensovoorts. Soos die sentrale element van die historikus se benadering egter die *tydsdimensie* is, is dié van die geograaf die *ruimtelike* dimensie.

Dat die tydsdimensie slegs sin maak as dit ook in verband gebring kan word met die ruimtelike een, word sedert die totstandkoming van die sogenaamde *Annales*-skool deeglik besef. Veral Lucien Febre en Marc Bloch het hulle

16 Andrew Haywood, *Politics* (2$^{de}$ uitgawe, Basingstoke: Palgrave Macmillan, 2002), p. 4.

17 ’n Tipiese voorbeeld hiervan is Edward D Mansfeld en Jack Snyder, “Democratisation and war”, *Foreign Affairs*, Mei/Junie 1995, pp. 79-97.

18 Hans J Morgenthau: *Politics among nations. The struggle for power and peace*, soos hersien deur Kenneth W Thompson en W David Clinton (New York: McCraw-Hill/Irwin, 2006), p. 16.

hiermee besig gehou. Soos Van Jaarsveld dit stel: “Die geskiedenis” – en dit geld terloops ook vir die eietydse geskiedenis – “speel hom af op die aardbodem. Ligging, topografie, klimaat, plantegroei, dierelewe en minerale hulpbronne het die menslike nedersetting, leefwyse en staatskundige verhoudinge bepaal. Die historikus kan die geskiedenis eers behoorlik begryp wanneer hy hom tot die geografie wend.”[19]

Die ruimtelike dimensie van die geografie speel ook ’n belangrike rol as ’n mens die teenswoordige wêreld wil begryp. Om maar ’n voorbeeld te noem: Meer as 70% van die aardbol word deur see beslaan, en die landmassa is dikwels vol krulle en draaie. Aangesien ruim 90% van die wêreldhandel in die een of ander stadium per see vervoer word, ontstaan sekere maritieme handelsroetes op natuurlike wyse, wat dan ’n duidelike invloed op die globale veiligheidsituasie kan hê.

’n Mens dink hier veral aan maritieme wurgpunte soos die Suezkanaal, die Straat van Malakka, die Kaapse seeroete, en die Straat van Hormoes, wat die olieryke Persiese Golf met die Indiese Oseaan en dus die res van die wêreld verbind. Voeg nou nog daarby die onstabiliteit wat deur die situasie in Iran, Irak en Sirië veroorsaak word, en daar is ’n klinkklare voorbeeld van hoe die ruimtelike dimensie die huidige wêreldpolitiek kan help bepaal.

Die aspek van die geografie wat die grootste uitwerking op die internasionale politiek het, staan meestal bekend as die *geopolitiek*. Dieter Weiser, ’n Duitse politikoloog, definieer die geopolitiek só: “Geopolitics set out to determine the inter-relationships between political actors and their spatial environment. It views states as spatial phenomena, whose behaviour it analyses against the background of such characteristics as territory, climate, extent and distribution of organics and non-organic resources as well as in consideration of human factors (distribution and development of population, cultural attributes, economic activities and political structures). Each state ranks as a component of the political spatiality of the world and the resultant patterns of international relations form a major field of examination.”[20]

Akademici is lief vir ingewikkelde en onbegryplike definisies – hoe meer ingewikkeld en onbegryplik hoe beter – maar as ’n mens Weiser goed lees, staan die *ruimtelike* aspek weer eens sentraal, maar dan in wisselwerking met allerlei ander sake. Die volgende indeling ingevolge waarvan die geopolitiek benader moet word, werk egter goed: Geografiese posisie, relatiewe ekonomiese krag, militêre vermoëns, bevolkingsamestelling en politieke kultuur, uitgaande van die staat as basiese ruimtelike en politieke eenheid.

Dis waar dat die geopolitiek in sekere kringe, veral in Duitsland, steeds ’n omstrede begrip is. Die rede daarvoor is die feit dat die Nazi’s dit gebruik het om

19 Van Jaarsveld, *’n Inleiding*, p. 46.

20 Dieter Weiser, “Geopolitics – renaissance of a controversial concept”, *Aussenpolitik* – English edition – 4/94, p. 403.

hul *Drang nach Osten* te regverdig. Die huidige geopolitiek het egter 'n veel meer neutrale en objektief-wetenskaplike inhoud en het die negatiewe konnotasies van die verlede grotendeels afgeskud.

Duitsland is waarskynlik die oervoorbeeld van 'n land wie se geografiese ligging 'n bepaalde rol in die wêreld aan hom opdring. Sy sentrale posisie in Europa het in sowel die Eerste as die Tweede Wêreldoorlog 'n oorlog op drie fronte (in die weste, suide en ooste) beteken, iets wat 'n regstreekse en beslissende bydrae tot albei nederlae gelewer het. Daarteenoor plaas sy geografiese ligging hom in 'n unieke posisie om in vredestyd polities, ekonomies en kultureel die leidende Europese moondheid te wees.[21] Met ander woorde, Duitsland se geografiese ligging maak oorlog vir hom 'n nog nadeliger saak as vir baie ander state, en vrede nog voordeliger. Dat dit tot ná 1945 geduur het voordat die Duitse leiers dié les geleer het, maak dit nie minder waar nie. (Terloops, hier is 'n uitstekende voorbeeld van hoe historiese en geografiese insigte gekombineer kan word om Duitsland se teenswoordige posisie as leiersmoondheid in Europa te begryp. Ewe terloops, ook die geopolitiek vertoon soveel ooreenkomste met die politieke wetenskap dat dit, vanuit 'n sekere hoek beskou, as deel van laasgenoemde dissipline beskou kan word.)

Ander aspekte van die geografie is ook belangrik, soos grootte, topografie en klimaat, maar dit sou 'n mens te ver voer om dit alles volledig te bespreek.[22] Die geopolitiek is inderwaarheid self 'n interdissiplinêre benadering, en dus beperk 'n mens jou nou hiertoe. Die ander aspekte wat hier bo genoem is, sal in ander afdelings aan die orde kom.

## 6. DIE EKONOMIE

In die 17^de^ eeu het Adam Smith die ekonomie gedefinieer as “an inquiry into the nature and cause of the welfare of nations”, 'n definisie wat intussen lankal ingehaal is. Aan die ander kant het John Stuart Mill die ekonomie gesien as “the practical science of the production and distribution of wealth”. Laasgenoemde is 'n beter definisie, aangesien meer elemente van die vakdissipline daarin ingebou is.

JL Hanson kom ná 'n uitvoerige redenasie ewenwel tot dié omvattende beskouing: “Since […] wants are many and the means for satisfying them are limited, a choice has to be made as to what shall be produced and how much shall be produced. The fundamental principles of economics, therefore, are scarcity and choice. Thus, the basic problem of any type of economic system is how to allocate scarce resources among the many lines of production competing for them.”

21 Vgl. hieroor Leopold en Ingrid Scholtz, “Bismarck, Hitler, Kohl en die grense van die moontlike”, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 27(1), April 2002, pp. 1-28.

22 Vgl. hieroor Leopold en Ingrid Scholtz, *Suid-Afrika en die nuwe wêreldorde* (Kaapstad: Human & Rousseau, 1997).

Dit bring hom dan by dié definisie: Dit is “a study of a particular kind of economising – the economising of resources and their apportionment among all the industries competing for their use.”[23]

As ’n mens die rol van die ekonomie as element van die internasionale politiek – tans en in die verlede – bekyk, is die belangrikste navorsing in dié verband waarskynlik nie deur ’n ekonoom gedoen nie, maar deur ’n historikus, Paul Kennedy. Kennedy het homself in ’n briljante studie die vraag gestel waarom moondhede in internasionale verband groei, meer invloed verwerf, en ten slotte weer degenereer. Hy wou ondersoek of daar ’n formule was ingevolge waarvan dié steeds weer terugkerende verskynsel verklaar kon word.

Dié formule het hy inderdaad ontdek. In die inleiding tot sy boek skryf Kennedy dat die magsverhoudinge tussen die leidende moondhede nooit konstant bly nie “principally because of the uneven rate of growth among different societies and the technological and organizational breakthroughs”. Dié faktore “massively increased the relative power of certain nations, and thereby decreased the relative power of others”.

Die kern van sy argument is ewenwel in die volgende aanhaling te vinde: “It sounds crudely mercantilistic to express it thus way, but wealth is usually needed to underpin military power, and military power is usually needed to acquire and protect wealth. If, however, too large a proportion of the state’s resources is diverted from wealth creation and instead allocated to military purposes, then that is likely to lead to a weakening of national power over the long term […] The history of the rise and later fall of the leading countries in the Great Power system since the advance of western Europe in the sixteenth century […] shows a very definite correlation *over the longer term* between productive and revenue-capacities on the one hand and military strength on the other.”[24]

Die patroon wat hy hieruit distilleer, is die volgende: ’n Staat groei vinniger as sy mededingers, verkry daardeur groter militêre spierkrag en dus ook groter internasionale politieke invloed, word gedwing om al hoe meer van sy ekonomiese krag na sy weermag te kanaliseer om toegang te behou tot die produksiemiddele waarop sy ekonomiese krag gebaseer is, waardeur hy homself mettertyd ooreis. Sy ekonomiese krag – en dus ook sy militêre en politieke krag – begin taan, en ten slotte degenereer hy tot ’n tweede- of derderangse moondheid, waarna dieselfde siklus hom ten opsigte van ’n ander moondheid of moondhede herhaal.

Kennedy se publisiteitsagent wat die publikasie van sy boek behartig het, het ongelukkig op ’n klaarblyklik opspraakwekkende stelling gekonsentreer, naamlik dat Amerika in daardie stadium (1987) aan “imperial overstretch” gely het

23 JL Hanson, *A textbook of economics* (Londen: MacDonald and Evans, 1977), p. 10.

24 Paul Kennedy, *The rise and fall of the great powers. Economic change and military conflict from 1500 to 2000* (New York: Random House, 1987), p. xvi.

en op die punt was om self sy oorheersende posisie in die wêreld te verloor. Vir daardie tyd was sy ontleding korrek, maar die tese het veel meer as dit bevat.

Niemand het kon weet dat die internasionale situasie net twee jaar later met die val van die Berlynse Muur revolusionêr sou verander nie. Die Unie vir Sosialistiese Sowjet-Republieke (USSR) en die kommunistiese blok het van die aardbodem verdwyn. Daardeur het Amerika die geleentheid gekry om sy militêre uitgawes drasties te beperk; dit het Amerikaners die ruimte gebied om opnuut voldoende bronne in produktiewe ekonomiese groei te pomp en het die land voorlopig van "imperial overstretch" gered. Die nuanse is dat die groei van Islamitiese terreur en die militêre dreiging wat Amerika en Europa uit die rigting van Rusland en China ervaar, opnuut groter dele van sy rykdom na militêre middele afkeer.

Kennedy se tese is histories voldoende bewys. Hoe dit die huidige wêreldpolitiek kan verklaar, verander egter saam met die vinnig veranderende internasionale situasie.

## 7. DIE KRYGSWETENSKAP

Oorlog en gewapende konflik het regdeur die geskiedenis 'n belangrike element van die interaksie tussen state, stamme en selfs bendes gevorm. In 'n sekere sin is daar geen prinsipiële verskil tussen, byvoorbeeld, die oorlog tussen Iran en Irak in die tagtigerjare en die voortdurende bendegeweld op die Kaapse Vlakte nie.

Terloops, die krygswetenskap is aan die begin van dié artikel as 'n "nie-akademiese dissipline" beskryf. Soos uit die onderstaande ontleding sal blyk, bevat die krygswetenskap wel deeglik akademiese onderdele, naamlik die bestudering van oorlog as verskynsel. Dit word ook *strategiese studie genoem*, iets wat moontlik eerder onder politieke wetenskap sou kon val. Tog is strategiese studie só gespesialiseer en spesifiek militêr georiënteer dat daar 'n goeie saak voor uitgemaak kan word om dit in 'n aparte kategorie te plaas. Maar toegegee, dit is 'n grys gebied waar 'n mens legitiem tot verskillende gevolgtrekkings kan kom.

Bowendien is die krygswetenskap veel wyer as net strategiese studie: Dit sluit by wyse van spreke ook in argitektuur (die bou van forte), aerodinamika (die ontwerp van militêre vliegtuie), maritieme argitektuur (die ontwerp van vlootskepe), chemie (die ontwikkeling van plofstowwe), wiskunde (hoe om akkurater te skiet), ensovoorts. Dit sluit in hoe om met 'n mortier te skiet, hoe om 'n bataljon te bevoorraad, hoe om soldate op te lei, hoe om loopgrawe te grawe, ensovoorts. Te veel aspekte van die krygswetenskap is nie akademies van aard nie en dit kan dus nie in sy geheel as 'n akademiese dissipline getipeer word nie.

Ewenwel, dit was veral die 19de-eeuse Pruisiese militêre filosoof, Carl von Clausewitz, wat oorlog vir die eerste keer sistematies as 'n politieke verskynsel

probeer verklaar het. Om die eietydse geskiedenis behoorlik te begryp moet ’n mens dus ook van die Clausewitziaanse denkraamwerk gebruik maak.

Clausewitz se uitspraak oor die aard en wese van oorlog is oorbekend: “Oorlog is die voortsetting van politiek met ander middele.” Agter dié aanhaling skuil ’n hele filosofiese gedagtestelsel, want hy benader oorlog as ’n bepaalde vorm van interaksie tussen state. Maar oorlog is nie net ’n bepaalde vorm van politieke optrede nie; dit is ’n politieke instrument en ’n voortsetting van politieke verkeer. Hieruit volg dat die politieke opgawe die doel van ’n oorlog vorm en die oorlog self slegs die middel is om die doel te bereik. Die oorlog is dus duidelik ondergeskik aan die politiek “want die politiek het die oorlog voortgebring; die politiek vorm die intelligensie, terwyl die oorlog bloot die instrument is, en nie omgekeerd nie”.[25]

Hieruit kristalliseer daar dus al ’n belangrike gesigspunt waaraan ’n oorlog gemeet moet word: Dit dien om ’n bepaalde politieke doel te bereik, en daarom is elke krygshandeling met politieke oorwegings verweef. Om hierdie rede kan daar geen suiwer militêre beoordeling van ’n krygsplan – of trouens van enige strategiese en operasionele optrede – wees nie. Omdat die operasie onderhewig aan die politiek is, moet daar dus gekyk word in welke mate die oorlog die politieke doel dien.

Tot dusver het ons slegs vaagweg gewag gemaak van die politieke oorlogsdoel. Clausewitz sê dat “oorlog ’n daad van geweld is […] om ons teenstanders te dwing om ons wil te doen”.[26] Daar is natuurlik eindelose moontlikhede wat “ons wil” kan wees: Die verowering van ’n ander staat of ’n gedeelte daarvan; uitbreiding of behoud van die eie politieke en/of ekonomiese posisie in die internasionale samelewing; behoud van die eie nasionale onafhanklikheid; naakte oorlewing; ensovoorts.

Om die oorlogsdoel in die praktyk te bereik, kan uiteraard van ’n horde verskillende metodes gebruik gemaak word. “Ons sien dus dat daar baie weë na die doel in ’n oorlog is”, volgens Clausewitz.[27]

Die Clausewitziaanse model is nie sonder sy teenstanders nie. In die laat vyftigerjare, toe die Koue Oorlog op sy hoogtepunt was, het die Britse militêre teoretikus, EJ Kingston-McCloughry, met verwysing na die Pruisiese standpunt dat oorlog die voortsetting van die politiek met ander middele is, geskryf: “In die geval van ’n kernoorlog sou niks só ver van die waarheid verwyder wees as dié gesigspunt nie. Só ’n oorlog sou, as dit gevoer word, die einde van die politiek en volledige wedersydse uitmoording beteken.”[28]

Met die kerndreiging van die Koue Oorlog wat (voorlopig?) tot die verlede behoort, meen die Israeli Martin van Crefeld dat ’n ander beswaar teen Clausewitz

25 Carl von Clausewitz, *Vom Kriege* (Berlyn: Ullstein, 1998), pp. 585-686.
26 *Ibid*., pp. 27-28.
27 *Ibid*., p. 45.
28 Aangehaal in WD Sokolowski, *Militärstrategie* (Keulen: Markus-Verlag, 1969), p. 53.

opgeduik het. Oorloë, skryf hy, wat immers die boustene van Clausewitz se model vorm, kom deesdae betreklik min voor tussen state. Deesdae is konflikte hoofsaaklik burgeroorloë, soos in Kambodja, of 'n algemene chaos, soos in Somalië, of konflik tussen partye wat nie noodwendig state verteenwoordig nie, soos dié tussen Israel en die Palestyne.[29] 'n Mens sou hier kon byvoeg die "oorlog teen terreur", van Amerika en die Noord-Atlantiese Verdragorganisasie (Navo) teen die terreurbewegings Al-Kaïda, Islamitiese Staat (IS), Boko Haram, Al-Sjabaab en andere, wat geeneen as 'n egte staat beskou kan word nie.

Ook die toekomskundiges Alvin en Heidi Toffler verwys by implikasie hierna as hulle skryf: "Yet the flow of world events in the years ahead will be heavily influenced by *nonnational* players like global business, cross-border politicial movements like Greenpeace, religious movements like Islam, and burgeoning pan-ethnic groups who wish to reorganize the world along ethnic lines […]"[30]

Kingston-McCloughry se beswaar is natuurlik deur die geskiedenis ingehaal, maar Van Crefeld s'n kan nie sommer van die hand gewys word nie. Dis immers 'n voldonge feit dat die belang van die staat as basiese bousteen van die internasionale politiek relatief aan die afneem is, en dat state al hoe minder as partye in gewapende konflike geïdentifiseer kan word. (Wat nie beteken dat nasionale state heeltemal uitgedien is nie.)[31]

Tog kan die Clausewitziaanse model met 'n paar aanpassings steeds gehandhaaf word. Of 'n oorlog nou tussen Amerika saam met sy bondgenote teen Irak gevoer word, of tussen krygshere in Somalië, of tussen NAVO en IS – of tussen die destydse Suid-Afrikaanse regering en die ANC! – in wese verander dit nie soveel nie. Die partye in die konflik hoef nie noodwendig meer state te wees nie, dis waar, maar die oorlog self bly 'n vorm van politieke interaksie; die doel van oorlog bly polities van aard; die politiek bly die intelligensie en die oorlog die instrument. Kortom, ook in die moderne chaotiese internasionale politieke omstandighede bly oorlog die voortsetting van politiek met ander middele. En dus bly Clausewitz se raamwerk 'n onontbeerlike intellektuele instrument om die eietydse geskiedenis te help begryp.

Dis natuurlik nie al aspek van die krysgwetenskap wat relevant is nie. Wil 'n mens die Golfoorloë van 1991 en 2003 behoorlik verstaan, is dit nodig om iets te weet van die klassieke krygsbeginsels van konsentrasie, van misleiding, van inligting, ensovoorts. 'n Mens sal ook op die hoogte moet wees van die nuutste tegnologiese ontwikkelinge insake oorlogvoering in die lug, die rol van pantser, artillerie, die infanterie en logistiek. Dit is eweneens nodig om die

---

29 Vgl. Bart Schuurman, "Clausewitz and the 'New Wars' scholars", *Parameters*, Spring 2010, p. 94.

30 Alvin en Heidi Toffler, *War and anti-war – Survival and the dawn of the 21st century* (New York: Warner, 1995), p. 278.

31 Vgl. Leopold Scholtz, "Globalisation and the nation-state", Konrad Adenauer-Stiftung, *Seminar Report*, 2001, no. 1.

digitale revolusie en die invloed daarvan op moderne oorlogvoering behoorlik te verstaan.[32]

## 8. AFRIKA EN DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG

Met dié teoretiese agtergrond kan ons nou al die elemente saamknoop om dit in ’n gevallestudie in die praktyk te bestudeer.

Allereers is dit nodig om te verstaan dat ofskoon Afrika, veral sedert die 19[de] eeu, ’n betreklik belangrike rol in die wêreldgeskiedenis speel, dit hoofsaaklik as *objek* was, nie soseer as *subjek* nie. In globale verband het dinge mét Afrika gebeur; die vasteland het nie eintlik dinge láát gebeur nie.

Dit was reeds die geval in die koloniale tyd, toe die “Scramble for Africa” plaasgevind het. Dit was ook die geval gedurende die Koue Oorlog en het sedert-dien só gebly.

Die Koue Oorlog was ’n sowat vier dekades lange magstryd tussen die vrye Weste en die Sowjetblok wat hoofsaaklik op ideologiese, diplomatieke en ekonomiese vlak geveg is. Aan die periferie – ’n mens dink byvoorbeeld aan Viëtnam, Angola en Ethiopië – het die oorlog “warm” geword, maar dit het nie die wesenlike aard van die stryd verander nie.

Afrika was vir albei magsblokke betreklik belangrik: Allereers omdat ’n oorwinning hier uit ’n propaganda-oogpunt van waarde kon wees, maar veral weens Afrika se geopolitieke belang. Dit sou enigeen van die twee magsblokke in staat stel om die ander vanuit die suide te omvleuel.

Die magstryd om Afrika se guns het in 1961 ’n belangrike stroomversnelling beleef toe die destydse Sowjetleier, Nikita Chroesjtsjof, in ’n belangrike geheime beleidstoespraak aangekondig het dat die Sowjet-Unie die Weste deur sy ondersteuning van die “heilige” anti-imperialistiese stryd van die Derde Wêreld “op sy knieë” sou dwing. Nikolai Leonof, later ’n prominente KGB-amptenaar, het hom herinner: “Basically, of course, we were guided by the idea that the destiny of world confrontation between the United States and the Soviet Union, between Capitalism and Socialism, would be resolved in the Third World. This was the basic premise.”[33]

Uit Afrika se eie oogpunt het die magstryd ewenwel ’n belangrike voordeel gehad. Dit het beteken dat sowel die Weste as die Ooste graag die pas onafhanklik

32 Kyk, byvoorbeeld, David Jordan *et al*., *Understanding modern warfare* (Cambridge: Cambridge University Press, 2008); Giles Ebutt, “Digitisation of the battlefield”, European Security and Defence Press Association, <http://www.esdpa.org/2013/10/digitisation-of-the-battlefield/>, leesdatum 3 Maart 2016.

33 Christopher Andrew en Vasili Mitrokhin, *The Mitrokhin Archive,* II. *The KGB and the world* (Londen: Allen Lane, 2005), pp. 9-10. Vgl. verder ook Odd Arne Westad, *The global Cold War* (Cambridge: Cambridge University Press, 2007), p. 214; Robert Service, *Comrades. Communism: A world history* (Londen: Macmillan, 2007), p. 319; John Lewis Haddis, *The Cold War* (Londen: Allen Lane, 2005), pp. 206-207.

geworde Afrikastate se guns wou verwerf, en dit het laasgenoemdes in ’n posisie van kunsmatige krag geplaas. Hulle kon die magsblokke teen mekaar uitspeel.

En dan praat ’n mens nog nie eens van Afrika se minerale rykdomme nie. In skerp teenstelling met sy gebrek aan politieke en ekonomiese spierkrag in die wêreld is die vasteland ryklik bedeel met minerale. Afrika het byvoorbeeld 99% van al die chroomreserwes in die wêreld, 85% van die platina, 68% van die kobalt, 54% van die goud en 6,2% van die olie. Multinasionale maatskappye verdring mekaar op soek na nuwe voorrade.[34]

In die praktyk het dit ’n situasie meegebring waar albei kante die Afrikastate volgestop het met geskenke: ontwikkelingshulp, goue beddens, pragtige nuwe wapens en mooi uniforms, trone met diamante versier, ensovoorts. En in ruil moes die betrokke state dan reg stem in die Verenigde Nasies (VN) en ander internasionale forums.

In die proses het dit die korrupsie, diktatoriale gedrag en magsmisbruik wat Afrika in ’n diepe dal van ellende ingehelp het, grootliks aangemoedig. Die Weste, van wie ’n mens anders sou verwag het, het sy oë toegemaak vir eenparty- en militêre diktature. Frankryk was die ergste in dié opsig met die wyse waarop hy korrupte diktators met regstreekse militêre intervensie aan die gang gehou het, maar Amerika se steun het byvoorbeeld pres. Mobutu Sese Seko – waarskynlik die ergste van almal – ook in staat gestel om tot 1997 te oorleef.

Al voor die einde van die Koue Oorlog het hieraan stadig maar seker ’n einde begin kom. Veral die Weste het voorwaardes aan ontwikkelingshulp begin heg, terwyl die Oosblok teen die agtergrond van sy naderende ekonomiese ineenstorting ook sy mildelike omkopery begin verminder het. In die laaste jare van die USSR se bestaan het pres. Michail Gorbatsjof byvoorbeeld sy land se hulp aan lande soos Angola en Mosambiek ingeperk, en ook die ekonomiese bystand aan Kuba – wat dié in staat gestel het om militêr op beduidende skaal in Angola en Ethiopië in te meng – aansienlik afgeskaal.[35]

Die ná-Koue-Oorlogse situasie in Afrika vertoon sekere kenmerke wat vervolgens behandel moet word.

## 8.1 ’n Politieke magsvakuum

Die einde van die Koue Oorlog, wat bowendien met die einde van apartheid in Suid-Afrikia saamgeval het, het nuwe vergesigte vir die vasteland geopen. In sy toespraak voor die Organisasie vir Afrika-Eenheid (OAE) se spitsberaad van 1994 het pres. Nelson Mandela die nuwe situasie “an act of redemption for the black people of the world” genoem. Hy het gepraat van ’n “new African renaissance”, ’n “new birth” en “the restoration of its [Afrika se] glory”. Hy het egter terselfdertyd

34 *Elseviers Magazine*, 10 Mei 1997.

35 Vgl. Leopold Scholtz, *Die SAW in die Grensoorlog 1966-1989* (Kaapstad: Tafelberg, 2013), pp. 368-369, 452-454.

gewys op die volksmoord wat op daardie oomblik in Rwanda aan die gang was, waar die Hutu’s binne enkele weke ’n geskatte 800 000 Tutsi’s afgeslag het, en daarop laat volg: “Thus do we give reason to the peoples of the world to say of Africa that she will never know stability and peace, that she will never experience development and growth, that her children will forever be condemned to poverty and dehumanisation and that we shall for ever be knocking on somebody’s door pleading for a slice of bread.”[36]

In die jare wat hierop gevolg het, het dit inderdaad gelyk of die liberale veelparty-demokrasie en die gepaardgaande politieke stabiliteit in Afrika wortel geskiet het. In die negentigerjare het adj.pres. Thabo Mbeki gespog dat minstens 25 Afrikastate veelparty-demokrasieë was.[37] Hy het selfs ’n eweknie-portuurmeganisme, bekend as die African Peer Review Mechanism (APRM) op die been gebring (2003) waarmee Afrikastate self kon meet hoe hul eweknieë hulle hou aan die demokrasie, goeie staatsbestuur, bestryding van korrupsie, ensovoorts. Maar van die 35 lande wat hulle vrywillig by die APRM gevoeg het, het slegs 17 teen Julie 2016 hul verslae voltooi.[38] Soos twee politieke ontleders van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Internasionale Aangeleenthede in 2015 gerapporteer het: “Enthusiasm around the APRM has been declining in recent years, with fewer new countries joining and fewer reviews taking place. What started out as an initiative that could transform Africa became an overly complex and technical academic review, with member states seemingly lacking the political will to implement proposed changes.”[39]

Die aanvanklike optimisme oor die Afrika-renaissance was dus ietwat voorbarig. Toe dié woorde geskryf is, teen die helfte van 2016, het die demokrasie in sommige streke redelik gevaar; in ander was dit op sterwe na dood. Soos die organisasie *Freedom House* dit in sy jaarverslag van 2016 gestel het: “Democratic setbacks and violence triggered by African leaders’ manipulation of term limits were offset by successful elections and peaceful transfers of power in key countries during 2015.”[40] Dit is waarom Robert H Gates, Ghada Fayad en Anke Hoeffler in ’n studie van 2012 kon skryf dat “the political origins of Africa’s

---

36 “Statement by President Nelson Mandela at the OAU Meeting of Heads of State and Government”, Tunis, 13 Junie 1994, <http://www.anc.org.za/show.php?id=4888>, leesdatum 13 Mei 2016.

37 Martin Meredith, *The state of Africa. A history of fifty years of independence* (Johannesburg: Jonathan Ball, 2005), p. 677.

38 Kyk “APRM deals decisively with country reports backlog, <http://aprm-au.org/viewNews?newsId=113>, leesdatum 14 Mei 2016.

39 Steven Gruzd en Yarik Turianskyi, “Where is the African Peer Review Mechanism heading?”, <http://www.saiia.org.za/opinion-analysis/where-is-the-african-peer-review-mechanism-heading>, leesdatum 14 Mei 2016.

40 Freedom House, “Overview essay: Anxious dictators, wavering democracies”, <https://freedomhouse.org/report/freedom-world-2016/overview-essay-anxious-dictators-wavering-democracies>, leesdatum 28 April 2016.

growth remain fragile. Indeed, in a large number of countries these reforms appear embattled: elections are won by the use of illicit tactics, term limits have been challenged and, in some instances, abolished; and unconstitutional leadership turnovers remain distressingly commonplace."[41]

Dié gebrek aan stewige demokratiese wortels is een van die belangrikste oorsake vir 'n verskynsel wat regstreeks daarmee saamhang – die voorkoms van verskeie mislukte en mislukkende state op die vasteland. (Die begrip kan gedefinieer word as 'n staat waar die regering die beheer oor sy grondgebied verloor het, waar sy gesag in groot dele van die land nie erken word nie, en waar hy nie die basiese dienste wat van 'n staat verlang word, kan lewer nie.[42]) In hul jaarverslag vir 2015 oor "fragile states" plaas die Amerikaanse organisasie *Fund for Peace*, in samewerking met die gesaghebbende tydskrif *Foreign Affairs*, vier state – almal van Afrika – in die kategorie "very high alert", te wete die Suid-Soedan, Somalië, die Sentraal-Afrikaanse Republiek en die Soedan. Onder die 12 wat onder die hofie "high alert" genoem word, is ses van Afrika, naamlik die Demokratiese Republiek van die Kongo, Tsjad, Guinee, Nigerië, die Ivoorkus en Zimbabwe.[43] Daar is ook verskeie Afrikastate wat as swak betitel kan word. Onder die hofie "alert" en "high warning" noem die *Fund for Peace* altesame 48 state, waaronder talle uit Afrika – Guinee-Bissau, Burundi, Niger, Ethiopië, Kenia, Liberië, Uganda, Eritrea, Libië, Mauretanië, Kameroen, Mali, Sierra Leone, die Republiek van die Kongo, Rwanda, Egipte, Burkina Faso, Djibouti, Angola, Mosambiek, Malawi, Togo, Swaziland, Gambië, Zambië, Ekwatoriaal-Guinee, Madagaskar, Senegal en Tanzanië.[44]

Die wye voorkoms van korrupsie in Afrika help ook nie. In sy verslag vir 2015 het *Transparency International*, die voorste organisasie wat korrupsie in die wêreld dophou, bevind dat 40 van die 46 lande in Afrika suid van die Sahara "a serious corruption problem" ondervind. Trouens, die mins korrupte Afrikastaat, Botswana, kom eers op nommer 28 van die 167 lande in die globale indeks voor. Onder die onderste 100 lande op die indeks is 34 uit Afrika suid van die Sahara.[45]

Die erns hiervan is vanselfsprekend. In 'n verslag van die Wêreldbank word die uitwerking van korrupsie beklemtoon: "Corruption is a global phenomenon found in all countries – but evidence shows it harms poor people more than

41 Robert H Bates, Ghada Fayad en Anke Hoeffler, "The state of democracy in Sub-Saharan Africa", *International Area Studies Review* 15(4), 2012, p. 334.

42 Vgl. Robert Rotberg, "The failure and collapse of nation-states: Breakdown, prevention and repair". In: Robert Rotberg (red.), *When states fail: Causes and consequences* (Princeton: Princeton University Press, 2004).

43 Fund for Peace, "Fragile States Index 2015", <http://fsi.fundforpeace.org/>, leesdatum 17 April 2016.

44 *Ibid*.

45 Vgl. Transparency International, "Corruption Perceptions Index 2015", <http://www.transparency.org/cpi2015?gclid=CPm20vad3MwCFeUV0wodZQEH8g>, leesdatum 1 Maart 2016.

others, stifles economic growth and diverts desperately needed funds from education, health care and other public services.”[46]

Ekonomies is die oes eweneens gemeng. In die jare sestig van die 20ste eeu was die *per capita*-BBP van Ghana en Suid-Korea dieselfde, naamlik $230. Teen 1991 het dié van Ghana gegroei tot $400, teenoor die reusagtige $6 300 van Suid-Korea.[47] In die lig van dergelike feite meen die konserwatiewe historikus Niall Ferguson dat “the experiment with political independence, especially in Africa, has been a disaster for most poor countries”.[48]

Die betekenis hiervan is dat mislukte of swak state onherroeplik tot ’n politieke magsvakuum lei waarin vreemde kragte kan inbeweeg.

## 8.2 Vreemde invloede

Volgens die Amerikaanse politieke wetenskaplike Robert Rotberg is Somalië “the model of a collapsed state: a geographical expression only, with borders but with no effective way to exert authority within those borders. Substate actors have taken over. The central government has been divided up, replaced by a functioning, unrecognized state called Somaliland in the north and a less well defined, putative state called Punt in the northeast.”[49]

Dié woorde is gepubliseer in 2002, toe die terreuraanslag op die World Trade Center in New York en die Pentagon buite Washington nog vars in die geheue was, maar het sedertdien nie minder waar geword nie. Somalië is steeds ’n mislukte staat, en die wyse waarop ’n Somaliese fundamentalistiese Islamitiese terreurbeweging, Al-Sjabaab, gereeld terreurdade in die buurland Kenia pleeg, wys hoe die magsvakuum wat deur staatsmislukking teweeg gebring word, in die uitvoer van terreur kan uitmond. Trouens, Bridget Coggins het in ’n uitvoerige empiriese studie oor mislukte state en terreur bevind dat “the most critically failed states (those experiencing violent instability or emergent anarchy) are significantly more likely to experience and produce international terrorism and are also more likely to experience domestic terrorism – even when controlling for their participation in civil and international wars”.[50]

Dit is ’n gevolgtrekking wat op die vasteland van Afrika gesteun word deur die swakheid van die Nigeriese staat en die terreur wat deur die Islamitiese

46 UN Office on Drugs and Crime, “Impact of corruption on development and how states can tackle corruption under the spotlight at UN Anti-Corruption Conference in Morocco”, <https://www.unodc.org/islamicrepublicofiran/en/impact-of-corruption.html>, leesdatum 1 April 2016.

47 Kyk Leopold en Ingrid Scholtz, *Suid-Afrika en die nuwe wêreldorde*, p. 51.

48 Niall Ferguson, *Colossus. The rise and fall of the American empire* (Londen: Allen Lane, 2004), p. 176.

49 Robert Rotberg, “Failed states in a world of terror”, *Foreign Affairs*, Julie/Augustus 2002, pp. 133-134).

50 Bridget L Coggins, “Does state failure cause terrorism? An empirical analysis (1999-2008)”, *Journal of Conflict Resolution* 59(3), 2015, p. 477.

beweging Boko Haram gegenereer word.[51] Maar die beste praktiese bewys is waarskynlik in Libië te vinde, waar Britse en Franse militêre inmenging in 2011 gehelp het om die ysterhand van die diktator Moeammar Ghaddafi te verwyder. Dit is egter gevolg deur 'n ineenstorting van die staat, 'n magsvakuum, en die gevolglike infiltrasie van die terreurbeweging IS na Libië.[52]

Die gevolge van dié magsvakuum in Afrika hou egter nie hier op nie. Dit hou regstreeks verband met die toenemende Chinese ekonomiese en politieke invloed op die vasteland.

Volgens Amerikaanse navorsing is daar byna 1 700 Chinese ontwikkelingsprojekte in 50 Afrikalande ten bedrae van $75 miljard sedert 2000 begin. Dit is nog steeds minder as die $90 miljard wat Amerikaanse projekte in dieselfde tyd bedra het, maar die vraag is wat daaragter steek. Dit het deels met Afrika se ryk natuurlike hulpbronne te maak, maar vermoedelik is dit ook 'n poging om politieke invloed te "koop".[53] So het China die Afrika-Unie se nuwe hoofkwartier in Addis Abeba ten bedrae van $200 miljoen volledig gefinansier.[54] Geen gunste is daarvoor gevra of verkry nie – altans nie op die kort termyn nie.

Maar in die internasionale politiek bestaan daar nie so iets soos 'n gratis ete nie. Die Chinese beskou hul groter wordende ekonomiese spierkrag in Afrika ongetwyfeld as 'n belegging, en die dag sal waarskynlik kom waarop hulle 'n beleefde, maar besliste beroep op Afrika sal doen.

## 9. GEVOLGTREKKING

Om die moderne wêreld te beskryf, ontleed en te verklaar kan en moet daar van vele dissiplines gebruik gemaak word. Elkeen is 'n stukkie van die mosaïek wat die geheel begryplik maak. Teen dié agtergrond kan die beoefening van eietydse geskiedskrywing, wat op sigself op 'n interdissiplinêre benadering berus, 'n belangrike rol speel. Dit is 'n veld waar die grense met ander dissiplines, soos die politieke wetenskap, die ekonomie, die geografie en die krygswetenskap betreklik vaag is. Maar die historikus, wat toegerus is om sake in hul *ontwikkelingsdinamiek* – met inagneming van die tydsdimensie – te bekyk, is in 'n unieke posisie om 'n bydrae hierin te lewer.

Met gebruikmaking van dié instrumentarium is dit moontlik om die invloed van die einde van die Koue Oorlog op Afrika se internasionale posisie te ontleed. Die Koue Oorlog en die gepaardgaande wedywer tussen die Weste en die

---

51 Vgl. hieroor Abimbola O Adesoji, "Between Maitatsine and Boko Haram: Islamic fundamentalism and the response of the Nigerian state", *Africa Today* 57(4), Summer 2014, pp. 99-119.

52 Vgl. hieroor "Libya: New ISIS frontier?", *Africa Research Bulletin* 53(3), April 2016.

53 Vgl. hieroor Claire Provost en Rich Harris, "China commits billions in aid to Africa as part of charm offensive", *The Guardian*, 29 April 2016.

54 Aubrey Hruby en Jake Bright, "Why China's role in Africa isn't as dominant as you think", *Washington Post*, 4 Desember 2015.

kommunistiese blok het Afrika ’n invloedryke posisie op die wipplank, veel groter as wat sy intrinsieke politieke en ekonomiese krag regverdig, gegee. Die einde van die Koue Oorlog het dié kunsmatige magsposisie beëindig. Al geld dit nie in ewe groot mate vir die hele vasteland nie, het groot dele van Afrika teruggesink. Die openlike diktature van destyds is tydelik met demokrasieë vervang, wat egter dikwels plek gemaak het vir illiberale demokrasieë – essensieel diktature agter ’n demokratiese fasade, gepaard met ekonomiese mislukking en vergaande korrupsie.

In die ergste gevalle het sommige lande mislukte of swak state geword, wat aan kragte van buite – veral die fundamentalistiese Islam en China – kans gegee het om die vakuum binne te dring.

Só is ’n sentrale aspek van die moderne geskiedenis van Afrika – dat dinge mét hom gebeur het, pleks van dat hy dinge láát gebeur het – voortgesit.